

DIE SKIETLOOD

SKIETLOOD: 16e Uitgawe 31 Mei 2013
saam met Koersvas 16

Evangelie en Wet

Daar word nou wyd in die kerklike gemeenskap geskryf oor die sonde. In die VSA het 'n prominente Prairie-prediker besluit om nuwe verstaanshorisonne te ontgin om weg te kan beweeg van hierdie struikelblok op die pad van die "ontwikkellende" mensdom. Daar is mense wat glo dat 'n nuwe verbeterde geestelik beheerde mens wat verby die sondessteen beweeg het deel van evolusie gaan wees. Hierdie Skietlood wil aan die hand van 'n bekende (en vir baie 'n beminde) teoloog na die samehang van Evangelie en Wet kyk. Dr GC van Niftrik se *Kleine Dogmatiek* gee 'n verstaan van die twee kante van dieselfde munt wat kan dien as toetssteen vir ons eie verstaan van hierdie saak.

Vir baie mense bestaan die boodskap van die Bybel uit die Wet en die Evangelie. Die Ou Testament word as die Wet verstaan, terwyl die Nuwe Testament die Evangelie is en oordra. Dit is 'n gefragmenteerde verstaan wat nie die diepte van die Boodskap met erns ondersoek nie. Evangelie en Wet (van Niftrik verkies hierdie volgorde omdat hy oortuig is die Evangelie kom eerste) staan naas mekaar en vorm saam deel van die een Woord van God. Dit is in wisselwerking met mekaar dat ons by die harmonie van God se genadige boodskap uitkom. Die Wet (tien gebooe) begin nie met 'n gebod nie, maar met die versekering van die Evangelie (God wat red). Ons gehoorsaamheid aan die tien gebooe word ons

dankbare gehoorsaamheid omdat ons gered is. Ons vind hierdie wisselwerking ook by die Heidelbergse Kategismus (vanjaar 450 jaar oud) wat die Wet sien as tugroede na Christus en tegelyk (in die derde deel) as reël tot dankbaarheid. Evangelie en Wet is onlosmaaklik aaneengewee tot die Blye Boodskap van God se genade.

Die skaduwee en die lig hoort saam, word in terme van mekaar verstaan en verklaar. Tog is die lig van die Evangelie eerste. God se aanspreek van die mens vereis dat God die mens as sondaar moet aanspreek. God spreek die mens in liefde aan en juis daarom hierdie onlosmaaklike band tussen Evangelie en Wet. Ons is begenadigde sondaars en daarom is die Evangelie en Wet God se liefdevolle aanspreek van sondaarmense. Van Niftrik bespreek die saak in diepte en dit is insiggewend om sy hele hoofstuk te bestudeer. Die bestek van Skietlood laat egter nie 'n verdere in diepte bespreking toe nie.

Skietlood wil teen die agtergrond van hierdie bespreking net die einde van hierdie hoofstuk in van Niftrik se boek beklemtoon. Dit gaan oor die gedagte wat in die huidige tydsges heers dat die mens goed is en tot die goeie in staat is. In hierdie denkraamwerk word die Liefde van God (wat dan as Evangelie sonder Wet verstaan word en dus 'n wollerige universele redelose liefde is) makliker aan hierdie "goeie mens" gekoppel



en so gaan die “goeie mens” met God se (mensgekonstrueerde) liefde dan die blink horisontale (mensgerigte) toekoms tegemoet....

Dit kan nie. Die Evangelie van God is die Wet van God. God se Evangelie kom na ons in die vorm van die Wet. Hierdie onlosmaaklike band maak dat die Evangelie te heilig is om iewers plek te maak vir die “goeie mens” wat goeie daade verrig. Met ander woorde, die “goeie mens” is nie die

logiese keerkant van die Evangelie munt nie. Die Wet sluit die moontlikheid van “goeie mens” uit; aangesien die Wet juis aandui dat die mens **sondaar** is. Genadiglik kan ons ook nie van pogings tot verdienstelike goeie werke praat nie; aangesien die Evangelie die kruiskant van die munt is. Die vraag wat na elkeen van ons kom, is of ons verstaan van etiek deur hierdie band tussen Evangelie en Wet bepaal word. **Geen verdienste nie, net genade.**